SA GEMEENTE
SA CONGREGATION




'God is in the sadness and the laughter, in the bitter and the sweet.'
Neale Donald Walsch

# Tema vir die Maand

## Sak en as is te duur vir ons

Jare gelede het die enigste vulstasie op 'n plattelandse plekkie, kort ná dit geopen het, afgebrand. Tot op die grond. Al wat oorgebly het, was verwronge staalkolomme, dakkappe en ander onherkenbare skrootmetaal. 'n Paar dae later het ek daar verbygery en gesien dat 'n klompie mense besig was om die plek op te ruim. Ek het stilgehou en, miskien 'n bietjie nuuskierig, nadergegaan. Daar het ek vir oom Jack Ungerer, die bestuurder, ontmoet. Ek wou weet of hulle weet wat die oorsaak van die brand was. Hulle het nie geweet nie. Ek het gevra wat hulle nou gaan doen. Oom Jack het geantwoord dat hulle die plek gaan herbou. Het julle versekering gehad? wou ek weet. Nee, hulle het nie, het hy daarna gesê. Maar, hoe dan nou? Die antwoord wat hy daardie dag vir my gegee het, sal ek nooit vergeet nie, want dit het my diep laat nadink. Hy het gesê dat hulle moet opstaan en weer voor begin, want sak en as is te duur.

Sak en as is te duur…
Wat staan 'n mens te doen as alles waarvoor jy gewerk het, verwoes is? As 'n ramp jou getref het en daar niks oor is nie? As alles tot op die grond toe afgebrand het? Of – soos dit nou met baie mense gebeur – as die die ekonomie en inflasie sy tol eis? Jy of jou huweliksmaat het jul werk verloor en die vooruitsig van 'n nuwe werk lyk besonder sleg. Al die rekeninge en uitgawes moet betaal word. Die bank begin briewe stuur en geluide maak oor jou skuld. Wat gaan jy doen? Gaan jy in sak en as bly sit?

Nee, want sak en as is te duur! Sak en as sorg nie dat daar kos op die tafel kom nie, sorg nie vir 'n inkomste nie. Sak en as bring nie hoop nie en maak nie jou hande en knieë sterk nie. Dit laat jou nie opstaan om weer voor te begin nie. Sak en as laat jou moed en hoop verloor. 'n Mens kan baie dinge verloor en prysgee, maar as jy hoop en moed verloor, is jy, om dit so te stel, hopeloos verlore en op moedverloor se vlakte. Dan het jy nie iéts verloor nie. Jy het jousélf verloor.

In hierdie omstandighede moet ons moed hou. Versterk jou geloof met die middele wat die Here vir jou gegee het en skep moed. Gebruik die bietjie wat jy het, so oordeelkundig as moontlik. Moenie dat jou omstandighede jou geestelik en fisiek so aftakel dat jy tot niks in staat is nie. Moenie in sak en as gaan sit nie.
Begin deur die Here te dank vir dit wat jy nog het en skep moed. Gebruik jou kragte en vermoëns om iets positief te doen. Begin, in geloof met die oog gevestig op Jesus Christus, doen wat ons hand vind om te doen. Spoor mekaar aan om weer te begin bou aan iets moois en blywend.

-Erkenning aan ds. Koos Kirsten

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Maandelikse Bybel Bespreking

## IN sak en as

Lydenstyd het verlede week met As-Woensdag begin. Christene regoor die wêreld het die as (verlede jaar se ver-aste Palm Sondag blare) gebruik om ‘n kruis op hul voorkoppe te teken. *Ash Wednesday* (“As-Woensdag”) staan ook bekend as die “Dag van As” – 'n dag van bekering, wanneer Christene hul sondes bely en hul toewyding aan God opneem. Dit dien as ‘n herinnering aan ons menslike sterflikheid en ons behoefte aan versoening met God.

Om in *“sak en as”* te sit beteken dat ons *heeltemal terneergeslae is*; in droefheid verkeer. In hierdie tye voel ons moedeloos en lyk vandag en môre ewe hopeloos. Dit laat ons nutteloos voel; vrae vra oor die sin en doel van alles; worstel met ons omstandighede; en sukkel om ons pad daaruit te vind.

In die Bybel lees ons van verskeie gelowiges wat hulself in hierdie verlate spasie bevind het. Job het alles verloor, sonder ‘n antwoord van God. Jona het gevoel dit sou beter wees om te sterf. Koning Dawid was gevul met verdriet oor die dood van sy Seun. Paulus was ‘n gevangene wat byna hopeloos op ‘n skip gesterf het. Die vroeë kerk was vervolg vir hulle geloof. Tog het God hul situasies en lewens vernuwe.

Lydenstyd is 'n tyd van ondersoek. Tydens ondersoek vind ons maklik fout; word ons herinner aan die “sak en as” tye van die verlede en hede; en sukkel ons soms om weer op te staan. Ek wil jou uitnooi om in geloof, die “ou self” in die “as” te laat, en op te kyk om God se hand in jou lewe te sien en opnuut na Hom te keer.

Andrè



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE


MANNE NAWEEK

MOEDERSDAG

DAMES OGGEND

RESEP VAN DIE MAAND

THE LAW OF THE GARBAGE TRUCK

LYDING- DIE STORIE VAN 'N PÊREL

INTERESTING NAMES

DOELWITTE VIR MAART

KONTAK ONS





## Manne Naweek 2023
## 24-26 Maart
## "Veg die Goeie Stryd"
## 1 Korintiërs 9:26

Kom herlaai jou batterye saam met ander manne onder leiding van Kobus van Rensburg, by Frontier Centre.

Koste: £100 per volwassene en £55 per seun, vir die naweek.
Daar is net vir 40 manne plek.
Alle etes, beddegoed en drinkgoed is ingesluit- **behalwe handdoeke.**

Jy is welkom om eie eetgoed / snacks saam te bring.

Arriveer van 17:00 Vrydagaand en vertrek weer op die laatste 12:00 Sondag.
Adres: The Rock UK, Frontier-Centre. Addington Road, Northampton, NN9 5UK.
Vir enige navrae kontak vir Jaco 073 8542 2465
Bespreek jou plek op die webblad

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Pos beskrywing van 'n Ma

(Geleen by Algoa Gemeenskapskerk)

**Posbenaming:**
Ma, Mammie, Moeder, Moekie, Moeksie, Ag Maaaaaa!

**Pos Beskrywing:**
Hierdie langtermyn posisie is slegs vir persone met uitnemende, dinamiese persoonlikhede.
Die pos is permanent en om die minste te sê, uiters uitdagend en die pos is lewenslank.
Werksomgewing is stimulerend en gewoonlik meer as net 'n bietjie chaoties.
Suksesvolle kandidate moet gemaklik in 'n span omgewing kan werk en moet oor uitmuntende kommunikasie en organiserings vaardighede beskik. Kandidate moet bereid wees om fleksie ure te werk en sal ook op kort kennisgewing oortyd moet kan werk.

Die posisie kan ook vereis dat jy aande, naweke en selfs 24 uur beskikbaar moet wees.
Somtyds kan van jou verwag word om ritte te onderneem na primitiewe kampterreine, en ook om eindelose sportbyeenkomste by te woon. Daar kan ook van jou verwag word om op te tree as 'n koerierdiens. Vir bogenoemde pligte en ander wat nie hier genoem word nie, vereis dat u, u voertuig moet gebruik - geen vervoer of brandstof toelaag word ingesluit nie.

**Verantwoordelikhede:**

- Vir die res van jou lewe moet jy bereid wees om soms gehaat te word, ten minste tydelik, of slegs totdat iemand 'n R50 nodig het of miskien die motor moet leen. Jy moet geoefen wees in die kuns om op jou tande te kan byt. Hare op jou tande hê is 'n ekstra bonus!
- Die suksesvolle kandidaat moet ook beskik oor die fisieke stamina van 'n pakdonkie en moet ook van 0 tot 60 kilometer per uur kan versnel in onder 3 sekondes, net vir ingeval die geskree in die agterplaas hierdie keer 'n ware noodkreet is.
- Moet verkieslik ook tegnies aangelê wees, om allerlei klein elektroniese speelgoed reg te maak en nie-werkende elektroniese apparate te ondersoek -maar is nie 'n voorvereiste nie.
- Indien u reeds vertroud is met risiko bestuur sal dit tot u voordeel wees.
- Die suksesvolle kandidaat sal uiteindelik oproepe moet kan sif, kalenders in stand kan hou, tuiswerk projekte kan behartig, en half-voltooide skoolprojekte kan voltooi.
- Moet ook oor die vermoë beskik om sosiale byeenkomste te kan beplan, organiseer en reguleer vir kliënte van alle ouderdomsgroepe.
- Moet gewillig wees om onmisbaar te wees een oomblik en 'n totale verleentheid die volgende.




(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MAART 2023

Pos beskrywing van 'n Ma

- Moet altyd hoop vir die beste maar voorbereid wees op die ergste. Moet algehele verantwoordelikheid kan aanvaar vir die kwaliteit van die eindproduk. Verantwoordelikhede sluit ook in vloerbestuurder, skoonmaker, drywer, loodgieter, dokter, sielkundige, kok, bottelwasser,ens.

**Moontlikhede vir Bevordering:**
Geen !!!
Daar word van jou verwag om in dieselfde posisie te bly vir die res van jou lewe, sonder om te kla! Jy sal deurlopend jou vaardighede moet verskerp en aanpas, sodat die wat in jou sorg is jou uiteindelik kan ontgroei!

**Vorige Ondervinding:**
Geen !!!
In diens opleiding op 'n gereelde, nimmereindigende, emosioneel uitputtende basis word gratis verskaf.

**Toelaes en Vergoeding:**
Watse toelae?!
Jy betaal hulle!
Die aanbied van gereelde verhogings (sakgeld), bonusse, belonings en lenings is 'n vereiste.
'n Laaste Ballon paaiement vir wanneer jou kliënt 18 of 21 word, is veronderstel om die laaste bonus te wees – want die idee is dat 'n voertuig hulle sal help om finansiëel onafhanklik te raak.
Wanneer jy afsterf gee jy hulle alles wat miskien nog oor mag wees. Die interessantste gedeelte van die agterstevoor betaalopsie is dat jy die hele proses gaan geniet en soms gaan wens dat jy nog soveel meer kan gee. Glo dit of nie, maar jy gaan ook nog wens jy kan meer doen!

**Voordele:**
Alhoewel die pos geen mediese skema, geen pensioen en geen terugbetalings van enige aard insluit nie, voorsien dit jou van onbeperkte geleenthede vir persoonlike groei. Die posisie verseker jou van die geleentheid om onvoorwaardelik lief te hê, so ook onvoorwaarlike liefde terug te ontvang.
As 'n bonus word gratis drukkies en soentjies vir die res van jou lewe ingesluit (as jy jou kaarte mooi speel).



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Damesoggend



DAMESOGGEND - 11 MAART 2023
9:30 TOT 12:30
THEYDON BOIS VILLAGE HALL

ALET GARDNER IS ONS GASSPREKER!
'DPS VIR DIE DINAMIESE VROU VAN VANDAG.'

£10 PER PERSOON
ALMAL BRING EETGOED NET VIR 6 DAMES.
DRA IETS PIENKS.
UITSTALLERS WELKOM - BEVESTIG MET ENA

**BRING 'N KLEDINGSTUK, HANDSAK, HANGERTJIE.... SAAM WAT JY NIE MEER DRA NIE, WAT NOG IN 'N GOEIE TOESTAND IS, DAN RUIL JY DIT UIT VIR 'N ANDER ITEM.**

**Bespreek jou plek op ons webblad noordwyk.sagemeente.com**
**Ena by ena@sagemeente.com**

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MAART 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand








## PEPPERMINT TERT

### Bestanddele:

1 Blik Karamel

2 x 300ml Ekstra Dik Dubbel Room

2 x Peppermint Crisp sjokolade

2 x Soet Deeg Kors / 1 x pakkie Tennisbeskuitjies

### Metode:

1. Klits room tot styf
2. Voeg karamel by
3. Voeg 1 fyngemaakte peppermint crisp sjokolade by, en vou net genoeg om te meng met lepel. As moet, klits met klitser net so 5 sekondes.
4. Gooi mengsel in deeg kors / As Tennisbeskuitjies gebruik, pak dit uit in Tupperware en gooi dan oor
5. Gooi 2de sjokolade oor (fyngeslaan of gerasper)

*Baie dankie Marelize Verdoes vir die deel van jou staatmaker resep!*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MAART 2023

# The law of the Garbage Truck

One day I hopped in a taxi and we took off for the airport. We were driving in the right lane when suddenly a black car jumped out of a parking space right in front of us.

My taxi driver slammed on his brakes, skidded, and missed the other car by just inches!
The driver of the other car whipped his head around and started yelling at us!

My taxi driver just smiled and waved at the guy. And I mean, really friendly.
So I asked, "Why did you just do that? This guy almost ruined your car and sent us to the hospital!"

This is when my taxi driver taught me what I now call, *"The Law of the Garbage Truck."*

He explained that many people are like garbage trucks. They run around full of garbage (frustration, anger, and disappointment, etc.). As their garbage piles up, they need a place to dump it and sometimes they'll dump it on you.

Don't take it personally. Just smile, wave, wish them well, and move on. Don't take their garbage and spread it to other people at work, at home, or on the streets.

The bottom line is that successful people do not let garbage trucks take over their day. Life's too short to wake up in the morning with regrets, so… love the people who treat you right & pray for the ones who don't.

Life is ten percent what you make it and ninety percent how you take it!

Have a blessed, garbage-free month.
Author Unknown



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Lyding..
# Die storie van 'n pêrel

“Did you know….

An oyster that has not been wounded in any way does not produce pearls?
A pearl is a healed wound.

Pearls are a product of pain, the result of a foreign or unwanted substance entering the oyster, such as a parasite or a grain of sand.

The inside of an oyster shell is a shiny substance called “nacre.”
When a grain of sand enters, the nacre cells go to work and cover the grain of sand with layers and more layers to protect the defenseless body from the oyster. As a result, a beautiful pearl is formed!

The more pearl, the more valuable…

God never allows pain without a purpose.

What if your greatest ministry to others comes out of your greatest hurt ?

*The hard things we may be going through now are really nothing in comparison to the glory that will be revealed in us later. (Romans 8:17-18)”*
-unknown

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MAART 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# 'THE NAMES OF THINGS YOU PROBABLY DIDN'T KNOW'

- The space between your eyebrows is called a *glabella.*
- The plastic or metallic coating at the end of your shoelaces is called an *aglet.*
- When your stomach rumbles, that's a *wamble.*
- The prongs of a fork are called *tines.*
- The day after tomorrow is called *overmorrow.*
- Your little toe or finger is called the *minimus.*
- The wired cage that holds the cork on a bottle of champagne is called an *agraffe.*
- The 'na na na ' and 'la la la' which don't really have any meaning in the lyrics of any song, are called *vocables.*
- When you combine a question mark with an exclamation mark(?!), it is referred to as an *interrobang.*
- Illegible handwriting is called *griffonage.*
- The metal thing used to measure your feet at the shoe store is called *Bannock device.*

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • MAART 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

5 MAART HUISKERK 9 UUR

12 MAART EREDIENS 9 UUR

19 MAART HUISKERK 9 UUR

26 MAART EREDIENS 9 UUR

## Doelwitte vir Maart

1. Sê elke dag vir God dankie vir Mammas en Oumas.
2. Tel jou Bybel op, eerder as jou selfoon.
3. Omhels die veranderinge in die skepping.
4. Lees die maand 2 Bybelboeke.

## Gebedslys vir Maart

Bid vir:

- Mammas en Oumas
- Almal se werke
- Siek mense

## Gebed vir Lydenstyd:

Here seën my met genoeg wysheid en deursettingsvermoë ....
om te vas van kritiek sodat ek ander kan waardeer
om te vas van bitterheid sodat ek ander kan vergewe
om te vas van selfsug sodat ek ander kan dien
om te vas van vrees sodat ek ander kan vertrou.
Amen.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com
noordwyk@sagemeente.com